**Saterdag 3 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 9:20-29 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 9:20-23**
**Respek in die gesin**

Om iemand te respekteer, is om daardie persoon hoog te ag en sy beste belange op die hart te dra. Respek kom na vore in die manier waarop ons teenoor mekaar optree – ook in ons gesinne. God het gesinslede vir mekaar gegee het om mekaar te help en mekaar op te pas.

Net soos Kain nie sy broer opgepas het nie, sien ons in Genesis 9 hoedat Gam nie sy pa se beste belange op die hart gedra en sy pa gehelp het nie. Hy het sy pa nie gerespekteer nie. Al het Noag guns in God se oë gevind en hom en sy gesin deur die vloed beskerm, was hy nie ’n volmaakte mens nie. Ná die vloed plant hy ’n wingerd, maak wyn, drink daarvan en word baie dronk. In sy dronkenskap raak hy kaal in sy tent aan die slaap. Gam sien sy naakte pa, en eerder as om met eerbied sy pa te help, gaan maak hy spottend praatjies by sy broers.

Anders as Gam, tree Sem en Jafet met ware respek op. Hulle is ware oppassers en helpers vir hulle pa. Hulle staan op vir die eer van hulle pa en met die grootste waardigheid bedek hulle hom daar waar hy lê en slaap. Ten diepste is respek en eerbied vir ander ’n uitvloeisel van ons respek en eerbied vir God. Daarom dat Noag verklaar dat Gam se seun Kanaän vervloek is, want iemand wat in oneerbiedigheid leef, staan onder God se oordeel.

Genadiglik het Jesus ons vervloeking aan die kruis gedra om ons nuut voor God te stel. Nou wil ons in eerbied vir Hom en alle ander mense (veral ons heel naastes, ons gesinslede) leef, want so beleef ons die liefde wat deur die Here aan ons betoon word deur ons mense te gee wat vir ons opstaan wanneer ons nie self kan nie.

*Sing: Psalm 68-1:1, 3*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*